# Memorandum

## Best Books Studiewerkgids:

## *My Japan*

### vir Graad 11 Huistaal

**Saamgestel deur Hettie van Zyl**

BEST BOOKS

**© NB-Uitgewers 2016**

# Afdeling A

**Die leerders gee hier weer wat hulle sien. Die volgende antwoorde is slegs riglyne vir moontlike antwoorde. Die vetgedrukte gedeeltes is ekstra inligting wat deur die onderwyser aan die leerders voorgehou kan word.**

## Pre-lees (bl. 3)

1. Nee, die agterste brander is baie groter. Daar is dalk ’n storm op see.
   Dis ’n vloedgolf/hawegolf/tsoenami.
   **’n Tsoenami se agterste brander is altyd groter omdat dit vinniger as die voorste een beweeg. Die golf word saamgepers sodat die stadiger snelheid ’n groter golf tot gevolg het.** (2) [5]

**Lees die inligting in afdeling A oor die tsoenami (bl. 11 in die studiewerkgids.)**

2. 16/17 jaar. Dit lyk soos twee tieners. Dis ’n jeugdrama. Die meisie regs het skoolklere aan. Sy lyk soos ’n meisie wat al op hoërskool is. (2) [3]
   **Ilse is 17 jaar oud. Sy is ’n matriekleerder. Haar alter ego (ander self/ander ek/iemand soos wie sy wil wees) is Amaja, ’n Japannese meisie.**
3. Die ooreenkoms is dat albei donker hare het en jonk lyk. Albei se hare is gevleg. Dit lyk soos dieselfde meisie, net met ander klere aan.
   **Verskille:**
   Die meisie met die skoolklere aan lyk vaal en oninteressant in haar skoolklere. Die skoolklere lyk soos ’n skooluniform wat deur meisies in Suid-Afrika gedra word. Sy het oorbelle in haar ore. Sy sit op droë grond. Jy kan nie haar hele gesig sien nie. Die werklikheid.
   Die meisie aan die linkerkant is in eksotiese, helder klere geklee. Sy het ’n tradisionele Japannese kimono aan. Die Japannese meisie het kleurvolle blomme in haar hare. Dit lyk asof sy in die see sit en deur die golf uitgespoel word. ’n Fantasiekarakter. (4) [2]
4. Die lyk asof hulle mekaar groet. (1) [4]
5. Tieners/hoërskoolkinders/iemand wat hou van fantasiekarakters. Dit is ’n jeugdrama. (1) [3]
6. Ilse (1) [1]
7. ’n Mite is ’n tradisionele, voorhistoriese verhaal oor bonatuurlike mense of gedaantes, wat die vergestalting is van die algemene geloof en siening oor natuurlike verskynsels/denkbeeldige persoon/saak of idee/’n ongegronde praatjie. (2) [2]
   Mitologie is die gesamentlike oorgelewerde mites van ’n volk/godeleer/fabelleer.

**Die onderwyser kan nou die mites van die Japannese mitologie op bl. 8–10 aan die leerders voorlees.**

8. Ilse se droom is om soos haar niggie in Japan te gaan Engels gee. [1]
9. Die meisie in skoolklere op die voorblad is Ilse. In paragraaf 2 en 3 word daar meer inligting oor haar gegee. Dit verklaar ook die Japannese meisie in die kimono en die golwe wat die tsoenami voorstel. [3]
10. Volgens paragraaf 4 moet die hoofkarakter leer dat die werklikheid soms anders as verbeeldingsvlugte kan wees. Sy moet besef dat sy nie kan wegvlug van haar skuldgevoelens oor haar broer se verdrinking nie. Sy moet vrede maak met die verlede en haarself in die hede vind. [2]

### Onderwysersnota

Die onderwyser kan nou bl. 1-11 (biografie, ontstaan van die drama, intrige en subintrige en agtergrond van Japan) van die Studiewerkgids aan die leerders voorhou.

Lees die karakterlys en nota oor styl en dekor in die voorgeskrewe dramateks, *My Japan*.

Bestudeer die droomstruktuur (bl. 4) en die titel (bl. 5) in afdeling A van die studiewerkgids en beantwoord die vrae oor die titel.

Lees die drama.

## Titel

1. Die land Japan bestaan uit vier hoofeilande en is een van die digsbevolkte lande in die wêreld. Daar vind baie aardbewings plaas in Japan.

   Die titel *My Japan* lei tot ontsluiting van die drama. Die besitlike voornaamwoord (my) dui aan dat dit nie na die land verwys nie, maar na Ilse se weergawe daarvan. (2) [3]

2. Amaja (1) [1]

3. Sy is ongelukkig in die werklikheid omdat haar ma gedurig met haar raas. Sy het 'n traumatiese ervaring gehad met haar broer, Danie, se verdrinking en ervaar skuldgevoelens oor sy dood. Haar ouers se egskeiding en haar ma se opname in die Grootvlei Inrigting het haar verder getraumatiseer. Sy skep 'n verbeeldingswêreld waar sy gelukkig kan wees. (Enige twee) (2) [3]

4. Die verwysing na die Japannese mitologie ondersteun die titel. Dit verleen misterie aan die drama. Die tsoenami skok die leser en plaas die leser in die milieu van Japan. Die verwysing na Naka skep die eksotiese verbeeldingswêreld van Ilse. (3) [5]

# Afdeling B

## Toneel 1:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Literêre onderrig van die milieu in afdeling D (bl. 69–89) kan nou plaasvind. Voltooi die werkkaart oor die veelsydige ruimte.

Bestudeer die beperkings en eenheid in die drama.

Die leerder behoort nou gereed te wees om toneel 1 se vrae in afdeling B te beantwoord.

Terminologie: Neweteks, kontras, karakteriseringstegnieke, handeling, suggestie, hulpmiddels, simbool, terugflits, protagonis, antagonis, ellips, titel, parallel en mitologie

1.1

- Ma is **fluks**/**hardwerkend**, in teenstelling met Ilse wat **lui**/**ongehoorsaam** is.
- Ma is **outyds** en het 'n voorskoot aan, teenoor Ilse wat soos 'n **moderne** tiener lê en slaap, eerder as om haar ma met huistakies te help.
- Ma lyk **moeg en verwaarloos**, terwyl Ilse lê en **uitrus**. (6) [3]

1.2 Die fokuspunt is die wasgoeddraad. (1) [1]

1.3 Die wasgoeddraad kan van weerskante gekatrol word om beweging te bewerkstellig. (1) [1]

1.4 Tydens toneel 1 lyk Ma moeg en verwaarloos. Haar hare is los en sy het 'n voorskoot aan. Sy is besig om wasgoed op te hang – 'n verwaarloosde huisvrou. (2) [2]

1.5 1.5.1 Ilse is lui. Ma glo jy moet voorsiening maak vir die "honger" tye. Ma is waarskynlik godsdienstig, want sy gebruik Bybelse verwysings. (1) [3]

1.5.2 Ma gebruik graag spreekwoorde en Bybelse verwysings. Dit toon dat sy goed opgevoed en gesteld is op suiwer taalgebruik. (1) [3]

*Die volledige Bybelse verwysing:*

*Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys.*

1.6 1.6.1 Die regisseur kan gebruik maak van spesiale effekte soos om blou LED-gloeilampe te gebruik; ligte wat aan- en afskakel, en byklanke soos om op tromme te slaan, kan ouditief bydra om die weerlig uit te beeld. [4]

1.6.2 Die weerlig kan die dreigende onheil/gevaar simboliseer. (1) [3]

1.7

- Sy is hardwerkend/fluks – was self die wasgoed –handeling.
- Sy is outyds – dra 'n voorskoot – voorkoms.
- Sy is verwaarloos – sy lyk moeg en verwaarloos – voorkoms.
- Sy is streng – raas met Ilse wanneer sy nie opstaan nie – dialoog.
- Besorgd – soek na Danie wanneer hy vermis is – handeling.
- Veroordelend – raas oor die hekkie wat oopstaan – dialoog. (3) [3]

1.8 Vertedering/liefde (1) [3]

1.9 Terugflits (1) [2]

1.10 Ma het ineengestort ná Danie se verdrinking en die egskeiding. Sy is opgeneem in die Grootvlei Inrigting vir behandeling. (1) [2]

1.11 Ja. Die matrone en die suster is prototipes van enige verpleegpersoneel. Dit maak die toneel universeel. Die matrone en die suster is ook nie belangrike karakters nie, daarom is die weglating van die name gepas. (2) [4]

1.12 Dit sit die handeling aan die gang. As Danie nie verdrink het nie, sou Ma nie in die kliniek beland het nie. Danie se verdrinking het ook gelei tot die egskeiding van Ilse se ouers. Ma en Ilse ervaar skuldgevoelens en dit gee aanleiding tot die ontsnapping van die werklikheid. (2) [3]

1.13 Die protagonis is die hoofkarakter (sentrale karakter) in die drama, naamlik Ilse. Al die gebeure fokus op haar. Die protagonis is ook 'n ronde karakter. Dit beteken dat sy karakterontwikkeling ondergaan.
Ma is die antagonis. Sy is die teenstellende karakter. Ma en Ilse is van die begin af in konflik met mekaar. Ilse wil nie vir Ma help met die wasgoed nie. Sy sê Ilse is lui. Ma neem ook vir Ilse kwalik vir Danie se verdrinking. (6) [3]

1.14 **Groen** – kalmte/jaloesie

In 'n drama verteenwoordig groen onheil op die verhoog.

Ma: Ma moet kalm raak, omdat Ilse haar kwaad maak as gevolg van haar ongehoorsaamheid. (Ma is jaloers op Ilse se ongebonde lewe en die geleenthede wat Ilse het en wat sy nie gehad het nie.)

Ilse: Ilse moet kalm bly, omdat Ma haar pla terwyl sy in haar fantasiewêreld is. (Ilse is jaloers op haar niggie se wonderlike lewe in Japan.)

**Geel** – geluk/selfbeheersing
Ma: Sy moet selfbeheersing toepas om nie haar humeur te verloor (met Ilse wat lui en ongehoorsaam is) nie.

Ilse: Ilse moet op haar beurt ook selfbeheersing toepas met haar bemoeisieke ma wat haarself bejammer en druk op haar plaas om te presteer.

**Rooi** – gevaar/liefde/woede

Ma: Sy is woedend omdat Ilse nie luister nie. Sy blameer vir Ilse wat nie vir Danie opgepas het nie.

Ilse: Sy is kwaad vir haarself, omdat sy aandadig voel aan Danie se dood.

**Swart** – dood/swartgalligheid/depressie/bose

Ma: Danie se dood veroorsaak 'n donker depressie en lei daartoe dat sy behandeling in die Grootvlei Inrigting moet kry.

Ilse: Sy verwys na 'n spookstorie wat sy skryf. Dit dui op bose elemente. Ilse ontsnap van haar donker werklikheid na 'n wêreld vol lig en kleur, naamlik Japan. (8) [3]

1.15 Dit is eintlik Ma en Ilse wat moet rus vind en vrede maak met die verlede.
Dit bewys dat hulle nog nie berusting gevind het oor Danie se dood nie. (1) [4]

1.16 Die optimis sien die positiewe in die lewe raak, dan is die glas halfvol, terwyl die pessimis altyd negatief is en eerder 'n glas sien wat halfleeg is. (1) [3]

1.17 Spreekbeurt 26. "**Kyk, dis hy! Akashita, die monster wat in die swart wolk bokant die vloedhekke oprys!**"
Spreekbeurt 32. "**Nee, ek is nie. Ek wou nooit wees nie**." (1) [3]

1.18 Nee. Ma verwys na Danie wat by die wasgoeddraad gespeel en nou verdwyn het. Ilse verwys na Akashita, die monster in die Japannese mitologie, wat verantwoordelik is vir vloed en skade – in hierdie geval vir Danie se dood. (2) [3]

1.19 Dit verwys na die verhaal van Kain wat vir Abel doodgeslaan het (Genesis 4:9). (1) [3]

1.20 Dit dui op 'n onvoltooide spreekbeurt. Ilse besluit op die laaste oomblik om nie sarkasties te wees nie en om nie haar sin te voltooi nie. Ma voltooi Ilse se sin en betrek die leser met 'n vraag: Wie is verantwoordelik vir Danie se dood: Ma of Ilse? (2) [3]

1.21 Die hekkie is oop, dit dui op gevaar. Ma suggereer dat Danie se dood Ilse se skuld is, omdat sy nie geluister het nie. (2) [3]

1.22 Die titel is "My Japan". Daar word dus nie na Japan in die algemeen verwys nie, maar na Ilse se Japan. Sy skep 'n Japan om van die werklikheid te ontvlug, omdat dit 'n plek is waar sy gelukkig is en daar geen verwyte is nie. Alles is daar in harmonie, in teenstelling met haar eie deurmekaar wêreld. (2) [3]

1.23 Eie antwoord

Byvoorbeeld:

- Ja, die naam is gepas en dra by tot die misterie van die Japannese wêreld. Dit sluit aan by die mitologie van Okiku wat tydens die nagreën in die put gespring het.
- Nee, omdat Danie verdrink het, sal 'n naam wat geen verband met water het nie, meer gepas wees.

(Amaja beteken nagreën in Japannees, maar in Spaans verwys dit na 'n hoë plek.) (2) [5]

1.24 Die **parallel** tussen Danie en Okiku is dat albei verdrink het.

Sowel Danie as Okiku se dood het tot hartseer en selfverwyt gelei vir die mense wat hulle die liefste gehad het.

Die **verskil** is dat Okiku selfmoord gepleeg het deur in 'n put te spring en Danie het weens nuuskierigheid in die stormwaterpyp verdrink. (2) [3]

1.25 Vertelling

## Toneel 2:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Bespreek kalligrafie (afdeling A, bl. 10) en hulpmiddels in die drama (afdeling D, bl. 8–10).

Terminologie: Subintrige, fantasie, realiteit, ruimte, atmosfeer en vergelyking

2.1 Die regisseur kan deur middel van beligting soos Japannese lanterns 'n tradisionele atmosfeer skep. Japannese musiek kan in die agtergrond speel. Die rekwisiete wat gebruik word, moet ook eie aan die kultuur wees soos Japannese sambrele en teekoppies. Japannese bruggies en 'n lae tafel kan ook as dekor gebruik word. Die tradisionele kimono word gedra.

Kalligrafiese tekeninge op ryspapier. (5) [3]

2.2 Nagreën (1) [1]

2.3 Haar naam beteken "gehoorsaam". Sy tree op soos 'n gehoorsame vrou en bedien haar man. Sy leer ook vir Amaja om eerbied te betoon. (2) [3]

2.4 "'n piepklein bergdorpie" of "minder as 300 mense"

Japan is een van die digsbevolkte lande ter wêreld, dit is onwaarskynlik dat die dorpie só klein sal wees. Die dorp, Naka, in Japan het 'n bevolkingsdigtheid van 547 mense per km$^2$. (2) [3]

2.5 "delikate" (1) [2]

2.6 Dit is soos 'n seremonie waar al die handelinge in 'n sekere volgorde gebeur. (1) [2]

2.7 **Onderwysersnota – die opsomming kan ook vir 'n opstelvraag gebruik word.**

| Ilse se ouers (Realiteit) | Ilse se ouers (Verbeelding) |
|---|---|
| **Voorkoms:** Mercia – professionele sakevrou – netjiese snyerspakkie en vasgebinde hare.<br>• Slordig tuis, los hare – voorskoot – hang wasgoed op.<br>• Kopieskrywer in Sandton. | **Voorkoms:** Jun – nederige vrou wat haar man eerbiedig – geklee in kimono. |
| Pa (Jacques) – woon in Australië. | Marioka San – kalligraaf – Japannese tradisionele drag. |
| **Karaktereienskappe:** Mercia is hardwerkend, maar geniet dit nie – "**dit is wat 'n enkelma kry vir al haar moeite**". | **Karaktereienskappe:** Jun – is ook hard-werkend, maar sy doen dit met liefde en respekteer haar man. |
| Mercia – kla oor alles en verwyt vir Ilse. | Jun – stil, gedienstig en gedwee. |

| | |
|---|---|
| Pa het Mercia vir 'n ander vrou verlaat. | Marioka San – die man en die hoof van die huis – leer vir Ilse om kalligrafie te beoefen. |
| Mercia wil alles vir Ilse doen en dwing respek af. | Jun – leer Ilse om eerbied te bewys. |
| Mercia plaas ekstra druk op Ilse omdat sy wil hê sy moet presteer. | Jun – tradisie is belangrik. |
| Afwesige vaderfiguur. | Die hele huishouding draai om die vader in die Japannese kultuur. |

(16) [3]

2.8 Voetbruggies, kimono's, teekoppies, ryspapier, kalligrafie, drie alfabette (elke simbool is 'n prentjie wat 'n storie vertel), teedrinkseremonie, sit op die vloer en eet of drink tee. (5) [2]

2.9 Die funksie van die intensiewe vorm en verkleinwoord is om te beklemtoon hoe klein die dorp is. (1) [3]

2.10 In die werklikheid heers 'n gespanne atmosfeer. (Ma skree op Ilse om op te staan). In die verbeelde Japan is die atmosfeer ontspanne en harmonie heers. Nieverbale kommunikasie vind plaas in Japan en almal eerbiedig mekaar. (2) [3]

2.11
- Daar kom werklik tsoenami's, storms en vloede in Japan voor, soos die tsoenami in 2011 wat 15 700 lewens geëis het. Ilse verwys na 'n vloed wat die brug weggespoel het.
- Sy verbeel haar ook dat Akashita verantwoordelik was vir Danie se dood. (2) [3]

2.12 2.12.1
- Ilse verwys in toneel 1 (spreekbeurt 26), na Akashita as 'n **monster** en in spreekbeurt 55 word die hoë berge met **drake**tande vergelyk.
- Albei dui op die bose en veroorsaak vrees. Dit staan in kontras met die vreedsame atmosfeer van Naka. (2) [3]

2.12.2 Vergelyking (1) [2]

2.13
- Ilse kan haarself nie vergewe vir Danie se dood nie.
- Sy is ongelukkig in die wêreld waarin sy leef en die druk wat Ma op haar plaas, veroorsaak spanning.
- In die verbeeldingswêreld is sy gelukkig en word met liefde behandel. (2) [3]

2.14
- Dit sluit direk by die titel aan, want hier word die verbeelde wêreld gevisualiseer sodat die leser 'n kykie kan kry op Japan se prag.
- Daar word verwys na die ruimte van Japan. (2) [2]

2.15 2.15.1 Augustus/September. Dit is die tyd van die jaar dat die matrieks rekordeksamen skryf. (2) [2]

2.15.2 Nee, sy lê en slaap en wil nie opstaan nie. As sy bekommerd was, sou sy vroeg opgestaan en weer haar skoolwerk deurgegaan het. (2) [4]

2.16 Die kersiebloeisels simboliseer geluk en vreugde. (1) [2]

(Die Josjino-berge is bekend vir wit kersiebloeisels. Daar is meer as 100 000 kersiebome wat in vier groot groepe groei. So ver as die oog kan sien, verhelder wit bloeisels die omliggende heuwels sodat dit lyk asof dit met sneeu bedek is. Meer as 350 000 mense besoek jaarliks die gebied om die natuurskoon gade te slaan. Sien die foto in die studiewerkgids van die kersiebloeisels op Berg Fuji.)

Lees hier vir meer inligting: http://www.japan-guide.com/e/e4152.html

2.17 **ander wêreld:** Die verbeelde wêreld wat geen verband hou met die realiteit nie.

**ander planeet:** Dit word gewoonlik van 'n dromer gesê wat in sy gedagtes versonke is en nie wil terugkeer na die werklikheid nie.

**drome:** Dui op ideale wat jy wil bereik, of ontvlugting.

**gode:** Verwys hier na die Japannese mitologie.

**demone:** Die bose wat vernietiging veroorsaak/duiwels. (5) [3]

2.18 Leerderrespons (2) [5]

2.19 Ja, die ruimte word baie goed beskryf. Jy kan dit visualiseer en die reuksintuig word ook ingespan. Daar word gebruik gemaak van vergelykings. Die gebruik van alliterasie dra by om dit klankryk te maak. (2) [4]

2.20 Beskrywende opstel

# Toneel 3:

## Onderwysersnota

### Pre-lees

Onderrig karakteriseringstegnieke, dialoog, handeling en konflik (bl. 71–89) in afdeling D van die studiewerkgids.

Terminologie: Uiterlike konflik, impliseer, ironie, sarkasme en lyftaal

3.1 In toneel 1 kom Mercia verwaarloos voor, sy het 'n voorskoot aan en haar hare hang los – sy lyk soos 'n huisvrou. In toneel 3 is haar hare vasgemaak en sy het 'n formele pakkie aan soos dié van 'n professionele sakevrou. (2) [2]

3.2 By die huis hoef sy nie voor te gee dat sy Danie se dood verwerk het nie. Sy vind ontvlugting by haar werk, net soos Ilse na haar verbeeldingswêreld ontsnap. By die werk kan sy haarself uitleef en van al haar probleme vergeet. Dis egter 'n kunsmatige wêreld van voorgee en wedywering. (2) [3]

3.3 Wanneer Ma op die toneel verskyn en daar interaksie is tussen Ma en Ilse, verdwyn die Japannese ouers, want sy moet dan met haar regte ma praat. Ilse moet dan die realiteit konfronteer. (2) [3]

3.4 Jy kan iemand raad gee om die regte ding te doen, maar jy kan hom nie verplig nie. (1) [2]

3.5 Dis 'n vrou in die Japannese mitologie wat agter haar kop 'n tweede mond het. Sy is gulsig, vind kos met haar hare wat soos tentakels kos soek en verorber alles met haar vet mond en skerp tande. (1) [1]

3.6 "**brekfis**": Ma gebruik gewoonlik suiwer taal. Dit is 'n voorbeeld van 'n woord wat onder Engelse invloed gevorm is. (2) [3]

3.7 Eie antwoord

Byvoorbeeld:

- Ja. Ma het volgens Ilse twee persoonlikhede.
- Die liefdevolle moeder wat vir haar kind toesprake skryf en die ma wat oor alles baklei. Ma praat ook te veel.
- Nee, al baklei Ma baie met Ilse, is dit haar eie skuld, omdat sy lui en ongehoorsaam is. Ma probeer Ilse help om 'n beter mens te wees en is baie lief vir haar, want sy het vir haar 'n toespraak geskryf. (2) [4]

3.8 Dit is 'n vrou wat alleen vir die huisgesin verantwoordelik is, omdat sy van die pa geskei is of omdat die pa oorlede is. Die pa is dus afwesig in die kind se lewe. Al betaal hy onderhoud, het hy nie 'n invloed op die kind se lewe nie. (1) [2]

3.9 **Enige drie van die volgende eienskappe:**

**Ondankbaar –** sy waardeer nie die moeite wat Ma gedoen het om vir haar 'n toespraak te skryf nie. (Dialoog)

**Ongeskik –** sy skree op haar ma en het nie respek vir haar ma nie. (Dialoog)

**Beledigend/taktloos –** sy beledig haar ma en sê haar ma ry soos 'n *cowboy*. (Dialoog)

**Sarkasties –** sy sê dat Ma die toespraak sommer self moet gaan lewer en eksamen skryf. (Dialoog)

**Veglustig –** sy antwoord haar ma terug en wil die laaste sê hê. (Handeling)

**Onnet/vuil –** haar ma sê die vlermuise kan nesmaak in haar hare en Ma wonder wanneer sy dit laas gewas het. (Voorkoms)

Hantering van konflik is karakteropenbarend. (3) [3]

3.10 Sy is kwaad en ontevrede oor die toespraak en wil dit nie hê nie. (1) [2]

3.11 Sy wil eerder oor Japan praat. Sy verkies om dit self te skryf en sal eerder iets uit haar duim suig en swak punte kry. Sy is kwaad vir Ma en wil niks van haar hê nie. Sy rebelleer, omdat Ma druk op haar plaas om te presteer. (2) [3]

3.12 Leerderrespons. Eie mening en motivering (1) [5]

3.13 Ilse sê indirek dat Ma ook alles vir die Pa wou doen en hom nie kans gegee het om net homself te wees nie, daarom het die pa die ma waarskynlik verlaat. Ma verwyt waarskynlik vir Pa, omdat hy ondankbaar is vir dit wat sy alles vir hom gedoen het en hy haar verlaat het. (2) [3]

3.14

- ’n *Cowboy* is ’n Amerikaanse plaaswerker wat op ’n perd in die veld ry om beeste aan te jaag. Lees hier meer oor *cowboys*: https://en.wikipedia.org/wiki/Cowboy
- Ma ry in ’n moderne motor (Fortuner) in ’n stad met teerpaaie.
  Die enigste ooreenkoms is dat albei jaag. (2) [3]

3.15 ’n Fortuner is ’n groot nutsvoertuig wat baie koolsuurgas vrylaat en juis daartoe bydra dat die osoonlaag vernietig en aardverwarming veroorsaak word.

’n Mens sou nie verwag dat iemand wat dié tipe voertuig bestuur, bekommerd sou wees oor aardverwarming nie. (2) [3]

3.16 Kopieskrywer: Sy werk by ’n reklamemaatskappy. (1) [1]

3.17 Dit beteken dat sy ’n toespraak sal uitdink en onvoorbereid daaroor sal praat. (1) [2]

3.18 Sy wil nie hê dat Ma haar moet help nie. Sy erken eintlik dat sy nie die druk wat Ma op haar plaas, kan hanteer nie. Sy sê indirek vir haar ma dat sy moeg is vir alles en dat sy alleen besluite wil neem oor haar lewe. (1) [3]

3.19

- Ma ontvlug deur haar werk, ’n plek waar sy gelukkig kan wees en kan vergeet van Danie se dood en haar skuldgevoelens.
- Ma probeer kompenseer deur al die liefde wat sy vir Danie sou gegee het, vir Ilse te gee, maar weens haar eie seer weet sy nie hoe om dit te doen nie en verongeluk eerder alles, al het sy goeie motiewe. (2) [3]

3.20 Dit wys dat haar ma se woorde haar nie aanstaan nie. Sy het ’n afkeurende houding. Sy is ongelukkig. Sy wys haar misnoeë. (1) [3]

3.21 Sy vra vir Ilse of sy siek is. Sy het vir haar ’n kospakkie gepak. Sy het vir haar ’n toespraak geskryf. Sy help vir Ilse aantrek. (3) [2]

3.22 Eie antwoord.
Byvoorbeeld:

- Ja, sy doen baie dinge vir Ilse. Al werk sy, doen sy steeds moeite om vir Ilse te help met take.
- Nee, sy plaas te veel druk op Ilse. Sy gee nie vir Ilse ruimte om haar eie besluite te neem en te leer uit haar foute nie.

(Enige aanvaarbare antwoord) (2) [4]

3.23 Leerderrespons (2) [5]

3.24 Dialoog

# Toneel 4:

## Onderwysersnota

### Pre-lees

Bespreek die term en motief goth en selfsny op bl. 5–7 in afdeling A in die studiewerkgids.

Terminologie: Buitestander, intertekstualiteit, alliterasie en neologisme

4.1
- Hulle is nie deel van die groep nie. Hulle vind die bakleiery nie snaaks nie en dink hulle is kinderagtig en barbaars.
- Ilse is 'n dromer en Elzette is 'n goth.
- Ander mense hou nie van iemand wat anders is nie. Hulle hang hulle gou etikette om die nek en wil nie met hulle assosieer nie. Juffrou Venter noem hulle ook buitestanders. (2) [3]

4.2 Dit is 'n deel van die Siembamba-liedjie/deel van 'n liedjie. (1) [3]
Siembamba verwys na die oorspronklike liedjie "Sien die mamba" wat in die volksmond "Siembamba" geword het, en waarin die dreigende gevaar en onheil deur misverstand en foutiewe uitspraak gerelativeer geraak en selfs verdwyn het. Die liedjie is tot in die negentiende eeu gesing as verwysend na 'n slang (die bose, onheil, gevaar): "Sien die mamba, mama se kindjie, sien die mamba, mama se kindjie. Draai sy nek om, gooi hom in die sloot, trap op sy kop dan is hy dood!" – sien http://funkymunky.co.za/siembamba.html.

4.3 Eie antwoord
Byvoorbeeld:
- Nee, dit is nie aanvaarbaar nie. Sulke video's moedig geweld aan.
- Dit is gewoonlik die slagoffer wat die swaarste daaronder ly.
- Boeliegeweld het al in sommige gevalle tot selfdood gelei. (2) [4]

4.4 Die bakleiery gaan, volgens Elzette, oor Lukas wat beweer dat Gerrit nog nie intiem met 'n meisie was nie. (1) [2]

4.5 Dit is 'n realiteitsprogram oor rofstoei. (1) [2]

4.6 Drie (waarskynlik) blonde meisies (waarskynlik baie mooi), wat deel is van die gewilde groep in die skool.
Lucy, Lydia en Linda (2) [2]

4.7 Dit dui op oppervlakkigheid, ligsinnigheid en losbandigheid van die meisies. (2) [3]

4.8
- Ja, dit is 'n treffende vergelyking. Die selfsny-aksie word vergelyk met "**kloue soos knipmesse**". Mans dra soms knipmesse in hulle sak om dit te gebruik wanneer hulle dit nodig mag hê. Mense wat hulself sny, sal ook items wat hulle gebruik om te sny, wegsteek waar ander dit nie maklik kan sien nie.
- Die kloue kan ook dui op die houvas wat selfsny op die persoon het. Dit beklemtoon ook die onnatuurlike aksie.
- Die alliterasie beklemtoon die harde eksplosiewe **k**-klank./Dit dra by tot klankrykheid./Dit lê klem op die ongenaakbaarheid. (3) [4]

4.9 Eie antwoord
Byvoorbeeld: Sy ondervind dalk probleme tuis met afwesige, geskeide ouers/probeer so aandag trek/soeke na identiteit/verplaas emosionele pyn.
(Enige aanvaarbare antwoord) (1) [4]

4.10
- Elzette is 'n goth. Sulke mense het 'n bleek gelaat en dra swart grimering.
- Zombies het 'n soortgelyke voorkoms in flieks.
- Elzette word as vreemd beskou en die kinders hou nie van haar nie. (2) [2]

4.11 4.11.1 Betekenis: ’n gedugte, moeilike teenstander. (1) [2]

4.11.2 Elzette sê indirek vir Ilse dat sy so baie probleme het en dat Ilse haar nie sal kan help nie. (1) [3]

4.12 Ilse het self so baie probleme wat sy nie eens kan oplos nie, maar nou dink sy dat sy vir Elzette kan help. (2) [3]

4.13

- Elzette ontsnap van die werklikheid wanneer sy haarself sny. Sy maak haarself seer en probeer sodoende van haar emosionele pyn ontslae raak.
- Sy verbeel haar sy is ’n zombie wat kan gaan net waar sy wil, deur heinings en mure. (2) [2]

4.14 Eie antwoord. Byvoorbeeld: Elzette is die enigste een wat sy vertrou/wat nie vir haar sal lag nie. (2) [4]

4.15 WWE Raw/realiteitsprogramme gebruik soms die waarskuwing om die kykers te waarsku dat ’n sekere aksie van die program wat uitgesaai word, kan veroorsaak dat jy seerkry. (1) [2]

4.16 Eie antwoord. Byvoorbeeld:

- Ja, mans wil altyd baklei. Dit is beter om verskille uit te praat.
- Nee, mans is al van die vroegste eeue af geneig tot geweld. Geweld is in sekere gevalle nodig vir selfbeskerming. (2) [5]

4.17 Sy wil in Japan vir die Japannese Engels onderrig soos haar niggie. (1) [1]

4.18 Dit verwys na professionele mense soos ingenieurs en dokters wat na die buiteland emigreer om daar te gaan werk vir beter salarisse en lewensomstandighede. Dit veroorsaak dat daar ’n tekort aan beroepslui in sekere gebiede in Suid-Afrika ontstaan. (1) [2]

4.19 Eie antwoord

Byvoorbeeld: Na die L-bende wat mooi en ligsinnig is, maar wat nie noodwendig intellektuele reuse is nie. (Enige gemotiveerde antwoord) (1) [3]

4.20 Die woord “groepdink”, geskep na aanleiding van die woord “groepsdruk” (neologisme/anologie). (1) [3]

4.21 Eie antwoord

Byvoorbeeld:

Dit is ’n vermenging van Afrikaans en Engels en nie suiwer taalgebruik nie. Dit is belangrik vir die voortbestaan van Afrikaans dat ons suiwer taal gebruik.

Of:

- Dit is hoe tieners vandag praat. Daar is niks mee verkeerd nie.
- Ek dink daar moet ’n woordeboek vir tienertaal geskep word. (2) [5]

4.22 Juffrou Venter tree reg op. Sy sê vir die kinders dat hulle nie moet baklei nie. Dit was nie ’n ernstige geval nie en ’n waarskuwing is voldoende.

Of:

As die ander kinders sien daar word niks aan ’n bakleiery gedoen nie, kan dit tot erger gevegte lei. Sy moes strenger opgetree het teen die oortreders.

(Enige aanvaarbare antwoord) (2) [5]

4.23

- Sy is waarskynlik gewild omdat sy omgee vir die kinders.
- Sy kom niemand te na nie.
- Sy oordeel nie en probeer eerder die kinders help.
- Sy luister na die kinders se vrae en beantwoord dit. (1) [3]

4.24

- Uiterlike konflik word met geweld verbind. Gerrit en Lukas tree gewelddadig op deur mekaar te slaan.
- Die woordewisseling tussen die twee buitestanders, Ilse en Elzette, teenoor die res van die leerders is ook ’n voorbeeld van uiterlike konflik.
- Juffrou Venter berispe die oortreders.
- Elzette gluur die ander leerders aan. ’n Deurborende kyk is ook ’n voorbeeld van uiterlike konflik.

(Enige van bogenoemde) (1) [3]

4.25 Informele verslag

**Onderwysersnota**

Moontlike verklarings vir sekere woorde wat in die teks gebruik word.

**Barbare** – *onbeskaafde mense*

**Kleuters** – *onvolwasse (jong kinders)*

**Bedagsaam** – *tegemoetkomend, wil niemand te na kom nie*

**Zombie-girl** – *'n meisie wat soos 'n zombie optree. Zombies verwys na flieks waarin daar mense is wat nie kan doodgaan nie en op lewende mense teer. (Zombie Girl – 'n Kanadese elekroniese rock-groep)*

**Hoogenboesem** – *'n goed bedeelde vrou*

**Worshond** – *Ilse is waarskynlik lank.*

**Muisnes** – *dit dui letterlik op Ilse se hare wat dalk muisvaal of deurmekaar is en skakel aan by Ma wat gesê het dat daar vlermuise kan nesmaak in haar hare. Iemand wat muisneste het, is verlief. Onbenullige gedagtes. (In Nederlands is die woord "muizenissen" afgelei van musen wat peins beteken. Dit kan dui op 'n swaarmoedige, deurmekaar persoon.)*

**Mossiebrein** – *'n baie klein brein, so klein soos 'n mossie s'n; dit beteken iemand is baie dom.*

**Mugabe** – *verwys na die diktator van Zimbabwe. Mense vlug gereeld uit Zimbabwe weens vrees vir hulle lewe.*

**Nazi's** – *die Duitsers, met Hitler aan die stuur, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog verantwoordelik was vir die dood van baie Jode in die gaskamers, omdat hulle nie deel van die Ariese ras was nie.*

## Toneel 5:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Bespreek Gotham City (afdeling A, bl. 6).

Bespreek Engela en Elzette se karaktereienskappe (afdeling D, bl. 75–76).

<u>Terminologie</u>: Buitestander, visualiseer, woordspeling en insinueer

5.1
- Ilse: Japan
- Elzette: Gotham City (2) [1]

5.2
- **Japan – geluk (positief)**
- Dit verwys na Ilse se ideaal om die Japannese te leer om Engels te praat en haar verbeeldingswêreld, waarin sy gelukkig is.
- **Gotham City – bose (negatief)**
- Dit verwys na Elzette se lewenstyl as goth. Sy trek swart aan en luister na goth-musiek.

Daar word spottenderwys in die drama verwys na Grootvlei Inrigting as Gotham City – stad van groot vlermuise en mal matrones. (4) [3]

5.3 Juffrou Venter sê dit is belangrik om 'n gebalanseerde lewenstyl te hê. Oefening is net so belangrik soos akademie. (1) [2]

5.4 5.4.1 'n Dans wat volgens sekere voorskrifte verloop. Almal moet dieselfde bewegings uitvoer. (1) [2]

5.4.2 Funk – musiekgenre wat in die laat 1960's in Amerika ontstaan het. Dit is ritmiese musiek wat 'n kombinasie van soul, jazz, blues en ritme is. Vrolike, polsende musiek. (1) [2]

5.5 Die musiek word sagter en dien slegs as agtergrond.
Die funksie is dat die fokus op Ilse val sodat die toeskouers kan hoor wat sy sê. (1) [3]

5.6

- "**dowwe dolla dans**" – sy dink die dans is dom.
- "**Wie wil agter 'n simpel bal aanhol met 'n stok? Nee dankie**." – sy wil nie hokkie speel nie. (2) [3]

5.7 Eie antwoord
Byvoorbeeld:
- Deur haar handeling wys sy dat sy 'n probleem het.
- Sy wil dalk hulp vra, maar weet nie hoe nie.
- Sy wys dat sy emosionele pyn ervaar. (1) [4]

5.8 Jy kan aflei dat niemand omgee wat met die ander gebeur nie. 'n Mens is geneig om eerder anderpad te kyk en te veroordeel, as om betrokke te raak by 'n ander se probleme.
Dit gebeur nie regtig nie, want dis deel van 'n droom. Dit waarvan sy droom, word op die verhoog uitgebeeld. Die ander kinders en Juffrou kan dit nie regtig sien nie. (2) [3]

5.9 Konformeer beteken "ooreenkom of gelykvormig maak". In dié geval beteken dit om saam te staan. (1) [2]

5.10 Eie antwoord
Byvoorbeeld:
- Hulle is gedissiplineerd en hou van orde. Hulle gee om vir mekaar en help mekaar in noodgevalle.
- Hulle koppel betekenis aan sekere handelinge. (2) [3]

5.11 Die tsoenami wat in 2011 plaasgevind het. Duisende mense het gesterf en daar was groot skade aan die infrastruktuur. (1) [1]

5.12 Eie antwoord. Byvoorbeeld: Totale chaos: Suid-Afrika het nie riglyne gereed om te weet hoe om op te tree as so iets gebeur nie, omdat dit nog nie hier gebeur het nie. Die oorlewendes sal waarskynlik begin plunder en elkeen sal net vir homself en sy gesin sorg. (2) [5]

5.13

- Elzette doen 'n frenetiese dans. Dis 'n wilde dans met opwinding, passie, vrees en pyn. Sy sny haarself en smeer haarself vol bloed en slaan later neer, maar niemand steur hulle aan haar nie.
- Ilse "praat" met haar niggie op die internet en neem glad nie fisiek deel aan die aktiwiteite nie, terwyl die ander ordelik op die maat van die musiek dans. (2) [3]

5.14 Die meisies sit hulle hande oor hulle monde en maak asof hulle naar word. (1) [1]

5.15 Elzette wroeg in stilte oor die lewe. Sy wil nie met iemand oor haar probleme praat nie.
Sy kasty haarself as gevolg van haar emosionele probleme deur haarself te sny en te glo dat sy op dié manier die pyn verminder. (2) [3]

5.16 In die dag hou die onderwysers vir die klein kindertjies skool en in die aand vir die volwassenes. (2) [2]

5.17 Die woord "**hart**" in spreekbeurt 197 is letterlik die **orgaan**, die hart, en Ilse sê in spreekbeurt 198 dat dit goed sal wees vir haar hart, haar **gemoedstoestand**. (2) [3]

5.18 Sy insinueer dat haar ma praatsiek is, sy gee niemand anders kans om iets te sê nie. Haar ma praat net en luister nie na haar nie. (2) [2]

5.19 5.19.1 Hulle is bang vir Westerlinge/afsydig teenoor hulle. (1) [2]

5.19.2 Eie antwoord. Byvoorbeeld: Japannese is klein van postuur en groot mense lyk dalk vir hulle soos reuse wat hulle kan seermaak. Hulle hou nie van iemand wat anders as hulle is nie. (1) [4]

5.19.3

- Jy mag nie jou eetstokkies regop in taai rys sit nie.
- Jy moenie te laag buig nie.
- Jy mag nie te veel sojasous in die bakkie gooi as jy soesji eet nie.

(Enige twee) (2) [2]

5.20 Nee, sy wil net nie hê dat Ilse onder 'n wanindruk verkeer en dalk teleurgesteld sal wees nie. (2) [4]

5.21 Die sentrale boodskap in toneel 4 is dat mense nie vir mekaar omgee nie en mekaar nie wil help as hulle probleme het nie.
(Die Japannese gee vir mekaar om, Suid-Afrikaners nie. Ons moet leer om vir ons medemens om te gee.) (1) [3]

5.22 Sy is besig om haar spookstorie te skryf. Sy dink terug aan wat met Danie gebeur het. (1) [1]

5.23 Vriendskaplike brief

## Toneel 6:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Bespreek dramatiese doelstelling en dramatiese ironie in afdeling D (bl. 83–84) van die studiewerkgids.

Bespreek Ma en Ilse se karaktereienskappe (bl. 71–73 van die studiewerkgids).

Terminologie: Woordspeling, denotatief, konnotatief, stereotipering, kontras en suggestie.

6.1 Sy soek na Danie. (1) [1]

6.2
- Ma soek soos ’n waansinnige, sy is mal van vrees.
- Ma kon nie die dood van Danie verwerk nie en het in die Grootvlei Inrigting vir sielsiekes beland. (2) [2]

6.3
- Aan die einde van toneel 5 begin Ilse skryf aan haar spookstorie en in toneel 6 gaan sy voort daarmee.
- In toneel 5 sny Elzette haar met die lemmetjie en in toneel 6 word die gevolge van haar handeling bekend gemaak.
- In toneel 5 Skype Ilse met Engela en in toneel 6 is Ma kwaad oor Ilse se kontak met Engela.
- In toneel 5 staan Elzette op haar plek, Gotham City, op die verhoog en in toneel 6 word daar spottenderwys na Grootvlei Inrigting as Gotham City verwys. (2) [3]

6.4
- Denotatief (letterlik) val die Ma in haar soeke na Danie op die verhoog.
- Konnotatief (figuurlik) verwys dit na haar verval in abnormaliteit, sy “**kan nie meer nie**”.

As gevolg van die verval (konnotatief) beland sy in die inrigting. (2) [3]

6.5 Dit beklemtoon die wanhoop van Ma en bevestig die rede waarom sy in Grootvlei Inrigting beland het. (1) [3]

6.6 “**demoniese**” (1) [2]

6.7 Dit ontstel haar wanneer sy aan Danie se dood dink, omdat sy dit nog nie verwerk het nie.
Sy dink nie haar storie is goed genoeg nie en wil daarop verbeter. (2) [3]

6.8 Die storie is van swak gehalte. (1) [3]
(Daar word beweer dat polonie van swakker gehalte vleis gemaak word. Dit bevat ook vet en soja en is ongesonder weens die bymiddels.)

6.9 Dit is woordspeling met die woord “goth”, wat twee betekenisse het.
- Goth: Subkultuur
- Gotham City: Grootvlei Inrigting (1) [3]

6.10 Dramatiese ironie (1) [2]

6.11 Eie antwoord. Byvoorbeeld:
- Nee, mense wat swart aantrek, is nie noodwendig sataniste nie.
- Ja, sy laat brand swart kerse en gebruik haar bloed vir grimering. Dit dui op satanistiese gebruike. (2) [4]

6.12 In toneel 5 dans sy ’n wilde dans en in toneel 6 marsjeer sy ritmies op een plek in stadige aksie.
In toneel 5 doen sy wat sy wil, maar in toneel 6 is sy “**soos ’n marionet wie se toutjies geknip is**” en kom willoos voor. (2) [3]

6.13 Dit wys dat sy nou gedwing word om normaal te wees. Dit kan wees as gevolg van die medikasie wat sy by die kliniek kry, dat sy nou soos 'n robot alles doen wat aan haar gesê word. (1) [3]

6.14 Ilze gee vir Elzette om en is geskok. Sy wil nie hê hulle moet lelike goed van haar sê nie, daarom maak sy hulle bang en verwilder hulle. (1) [3]

6.15 Dit is 'n baie goeie vergelyking.
Die marionetmeester is in totale beheer van die marionet. As die toutjies geknip word, verloor hy beheer en is die marionet nutteloos.

Elzette het nie meer beheer oor haarself nie. (3) [5]

6.16 Sy besef dat sy nie skuldig is aan Danie se dood nie.
Sy sê dat Danie self die hekkie oopgemaak het omdat hy nuuskierig was. Sy was besig om 'n boek te lees en het vaak geraak. (2) [3]

6.17 "**Huiswerk**" en "**Sims**" word hier as werkwoorde gebruik.
Dit kan op die gebrekkige kommunikasie tussen ma en dogter dui.

Aangesien "huiswerk" en *Sims* (rekenaar- of videospeletjie) albei 'n handeling vereis, is dit 'n slim keuse. (3) [5]

6.18

- Dit dui daarop dat Mercia nie weet waarmee haar kind besig is nie.
- Sy besef nie dat Ilse grootgeword het en ander belangstellings het nie.
- Sy is glad nie in voeling met haar kind se lewe nie. (2) [3]

6.19

- Materialisties (dink net aan geld).
- Selfbehep/selfgesentreerd (sy dink net aan haar eie sukses en vra nie vir Ilse uit oor haar dag nie). (1) [3]

6.20 'n Mens sou sê botter smelt nie <u>in sy mond nie</u>.
'n Mens sou haar as doodonskuldig beskou, terwyl sy tot allerhande onheilighede in staat is. (2) [3]

6.21

- Die egskeiding – Ilse se pa wat Australië toe geëmigreer het.
- Mercia se opname in die Grootvlei Inrigting. (2) [2]

6.22 Eie antwoord
Byvoorbeeld:

Ma luister nie na Ilse nie en veroordeel en verwyt haar gedurig. (1) [4]

6.23 Sy verwys na die Suid-Afrikaanse geskiedenis:

- Die Groot Trek – oorloë en haat tussen wit en swart (Bloedrivier).
- Anglo-Boereoorlog – die dood van vroue en kinders in die konsentrasiekampe en die haat van die Boere teen die Britte.
- Die Angola/Suidwes-grensoorlog waar baie jong mans en seuns, wat in die weermag diens gedoen het, gesterf het.
- Die apartheidsbeleid en gepaardgaande haat tussen wit en swart.
- Plaasmoorde waartydens onskuldiges sterf.

(Enige voorbeeld of omskrywing) (1) [3]

6.24 Leerderrespons (2) [5]

6.25 Emosionele afpersing en verwyte (1) [3]

6.26 Spreekbeurt 288: "**Jy hoef nie.**"

- Ma het vir Ilse in spreekbeurt 286 alles wat sy vir haar doen en koop, voor die kop gegooi en haar verwyt. Ilse se woorde in spreekbeurt 287 skok haar en sy besef dat sy verkeerd is.
- Sy voel sleg oor dit wat sy vir Ilse gesê het en probeer vrede maak.
- Dis die eerste keer dat sy haar nie verwyt nie. (2) [3]

6.27 Sy raak bewoë/sy begin huil.
Dit wys dat sy regtig jammer is oor wat sy gesê het. (1) [3]

6.28 Taal

6.29

*delete*: uitvee/uitwis
uit*freak*: baie ontsteld wees/te kere gaan
*gross*: vieslik/grillerig/afgryslik
*make-up*: grimering
*fathom*: glo/verstaan/voorstel/indink
*nag*: kerm/kla (6) [2]

## Toneel 7:

### Onderwysersnota

#### Pre-lees

Verwys na subintrige in afdeling A van die studiewerkgids (bl. 2).

Lees 'n ander weergawe van die verhaal van Okiku op bl. 10 van afdeling A in die studiewerkgids.

Lees die inligting oor *The Grudge* (bl. 11 in die studiewerkgids) en kyk die lokfilm op YouTube: https://www.youtube.com/watch?v=bj88_yqlFMA.

Terminologie: Kontras, ironie, progressie, simboliek en toneelaanwysings

7.1 Subintrige (1) [1]

7.2 Albei help vir Ilse om aan te trek. (1) [3]

7.3

- Sy trek vir Ilse 'n kimono en sandale aan om te wys dat sy nou Amaja is.
- Japannese meisies dra graag haarknippies vir versiering.
- Japannese dra tradisioneel sandale. Die dra van sandale vergemaklik die aan- en uittrek van skoene vir sekere geleenthede. (3) [3]

*Kanzashi* is haarknippies wat tradisioneel deur Japannese vroue gedra word. Dit is baie jare gelede gedra om bose geeste weg te hou. Deesdae is dit veral gewild vir bruide en vroue wat tradisioneel 'n kimono dra.

*Zori*/*geta* (sandale met houtsole) word tradisioneel saam met 'n kimono gedra.

7.4 Ilse is so meegesleur deur die verhaal van Okiku dat dit lyk asof sy nie besef wat om haar aangaan nie. (1) [3]

7.5

- Danie het in die stormwaterpyp verdrink, Okiku het in die put verdrink en Takeo het in die fliek, *The Grudge*, sy seun en die huiskat in die bad verdrink.
- Die ooreenkoms is dat almal dood is as gevolg van verdrinking.

Almal was tieners (onder 18). (2) [3]

7.6 Die eilande van Japan. (1) [2]

7.7 7.7.1 Sewentien (1) [2]

7.7.1 Die getal 7 dui simbolies op volmaaktheid, maar in Danie en Okiku se geval was daar baie hartseer (onvolmaaktheid). (2) [3]

7.8 Dit is 'n Japannese spookstorie, daarom sluit die tradisionele gebruike (teedrink-ritueel en die manier hoe hulle sit) baie goed aan by die subintrige.

Die verhaal van Okiku word deur die Okiku- en Tessan-figure aan die gehoor gevisualiseer. Gehoor (ore) en visie (oë) word ingespan om die subintrige te beklemtoon. (2) [3]

7.9 Eie antwoord

Byvoorbeeld:

- Ja. Okiku kon weggeloop het. Sy kon vir iemand die waarheid vertel het.
- Nee. Niemand sou glo dat sy onskuldig is nie en sy sou doodgemaak word as sy skuldig bevind word aan diefstal. (2) [4]

7.10 7.10.1 Danie se verdrinking (1) [3]

7.10.2 Amaja (Nagreën: beklemtoon Ilse se verdriet) (1) [2]

7.11 Die hoepel is rond en 'n put is ook meestal rond.

Die put kan nie op die verhoog uitgebeeld word nie (weens die beperkte ruimte), daarom is die hoepel funksioneel om die verdrinking te illustreer. (1) [3]

7.12 "gesweef" of "wit" (1) [2]

7.13

- Die bose geeste het kleurryke maskers op.
- Boosheid word gewoonlik met die kleur swart verbind.
- Die kleurryke maskers is dus kontrasterend teenoor die bose. (2) [3]

7.14 Die geeste is verteenwoordigend van die bose of die dood. (1) [2]

7.15 Dit is slegs Okiku wat die getal 1 en 2 in spreekbeurt 316 en 318 sê → in spreekbeurt 320 skree Ilse saam met Okiku: drie → in spreekbeurt 322 skree Ilse en Lukas: vier → in spreekbeurt 324 is dit Okiku, Ilse, Lukas en Marioka San wat saam "vyf" skree → en in spreekbeurt 326 skree Okiku, Ilse, Lukas, Marioka San en Jun almal saam. Die tel van die borde word dus progressief al hoe harder. (5) [3]

7.16 Die beeld is geslaagd omdat Okiku se verdrinking as parallel dien vir Danie se verdrinking.

Dit beklemtoon Danie se verdrinking. (2) [5]

7.17 Hartseer/verwyt/selfbejammering (1) [3]

7.18

- Daar word geïmpliseer dat Ma so hartseer is oor Danie se verdrinking dat sy vir Ilse afskeep.
- Ma besef nie dat Ilse ook hartseer is en haar ma nodig het nie.
- Ma is selfgesentreerd en gee nie genoeg aandag aan Ilse nie. (1) [3]

7.19 Die geskree is vir hulle te erg en hulle probeer die klank uitdoof.

Dit dui op abnormaliteit. Hulle hoor stemme wat nie bestaan nie en wat hulle mal maak.

Die handeling om vooroor te val beklemtoon hulle ineenstorting. (2) [3]

7.20 Dit dui simbolies daarop dat hulle gebroke is as gevolg van die hartseer. (1) [3]

7.21 Die spanning word opgebou deur die aftel van die borde en bereik 'n klimaks/hoogtepunt wanneer die tiende bord breek. (1) [3]

7.22 Oplossing van blokraaisel

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 1 H | | | | 4 J | |
| | | | | | | | 1 O | K | I | K | U | |
| 2 D | I | E | F | S | T | A | L | | | | N | |
| | | | | | | | L | | | 3 V | | |
| | | | 2 G | | | | A | | | E | | |
| | | 3 T | E | S | S | A | N | | | R | | |
| | | | E | | | | 4 D | O | O | D | | 5 L |
| | | | S | | | | | | | R | | U |
| | | | 5 T | I | E | N | | | | I | | K |
| | | | E | | | | | | | N | | A |
| | | | | | | | | | | 6 K | A | S |

## Toneel 8:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Bespreek Lukas, die L-bende, Wim en Gerrit se karaktereienskappe (bl. 77–78 van die studiewerkgids).

Terminologie: Houding, denotasie, konnotasie, simboliek, geldigheid, hiperbool, metafoor en vergelyking

8.1
- Ilse en Lukas gesels in toneel 8 oor die opstel (spookstorie van Okiku) van toneel 7.
- Daar word verwys na 'n bord wat breek, soos in die verhaal van Okiku, in toneel 7.
- In toneel 7 word daar verwys na Danie se verdrinking; in toneel 8 gaan dit oor die gevolge van die trauma, naamlik die opname van Ma in die inrigting. (2) [3]

8.2 Mercia het waarskynlik baie te kere gegaan, want sy het die ander pasiënte uit die slaap gehou. (1) [3]

8.3 Hy het 'n verhouding met 'n ander vrou oor die internet aangeknoop en na Australië geëmigreer. (1) [2]

8.4 Hulle is streng, maar behandel die pasiënte met deernis. (1) [3]

8.5 Eie antwoord

Byvoorbeeld:
- Nee, sy is maar soos enige ander tiener rebels en te lui om iets te doen. Daar is nie werklik ernstige probleme nie.
- Ja, sy waardeer nie wat Ma vir haar doen nie en sy is ongehoorsaam. (2) [4]

8.6 Vir rou – vir smart en onthou./Die grys pilletjie help om Ma te kalmeer. (1) [2]

8.7 Albei. Dit kan denotatief wees dat die pil werklik bitter proe. Konnotatief verwys dit eerder na die spreekwoordelike "bitter pil", wat verwys na 'n situasie wat nie maklik is om te verwerk nie. (2) [3]

8.8 Die wasgoed wat verwyder is, dui op die skanse wat afgebreek word. Daar is nie meer 'n masker om agter te skuil nie.

Dit dui ook terselfdertyd daarop dat Ma besig is om Danie se dood te verwerk en dat sy nie meer 'n masker nodig het nie. (2) [3]

8.9 Hy was baie beïndruk met Ilse se opstel en haar goeie verbeelding. Dit was vir hom soos 'n fliek. (1) [2]

8.10

- Sy verwys na haar ma wat in die Grootvlei Inrigting opgeneem is, omdat sy sielkundige afwykings getoon het ná Danie se dood.
- Sy bedoel dat sy ook afwykings toon soos haar ma. (1) [2]

8.11 Ses maande (1) [1]

8.12

- Sy wil hê dat Ilse 'n beroep moet kies in die reklamewese.
- 'n Kopieskrywer. (1) [1]

8.13 Ma se standpunt is ongeldig. 'n Vrou het die reg om in die huwelik te tree en met 'n gesin te begin. Dit is nie te sê dat Ilse ongelukkig sal wees of sal skei, soos haar ma nie. Ilse kan met 'n wonderlike man trou en hulle kan baie gelukkig wees. (2) [5]

8.14

- Albei se ouers is geskei.
- Albei is buitestanders en sukkel om in die samelewing aan te pas.
- Albei vertel stories. (2) [3]

8.15 "**Sy tel die hare in my kam**." (1) [2]

8.16 Eie antwoord

Byvoorbeeld:

- Ja, sy het dan vir Ilse gelieg oor die rede waarom Gerrit en Lukas baklei het. Sy is dus geneig om leuens te vertel.
- Nee, sy stel nie belang in wat die ander mense doen nie, want sy het genoeg van haar eie probleme. Dit kon juis vir Gerrit aangevuur het om by haar aan te lê, omdat 'n man gewoonlik wil hê wat hy nie kan kry nie. (2) [4]

8.17

- Individualisme/andersheid
- Sy hou daarvan om anders te wees.
- Sy laat haar nie voorskryf nie. (1) [3]

8.18 Gerrit het 'n smalende aanmerking oor Ilse gemaak en Lukas het haar eer beskerm. (1) [2]

8.19

8.19.1 Metafoor (1) [2]

8.19.2 Die afkappingsteken staan in die plek van die klinker wat weggelaat is. (1) [1]

8.19.3 Leë blikke maak die meeste geraas.

Meer bek as binnegoed.

Blaffende honde byt nie (sy blaf is erger as sy byt).

Groot lawaai, weinig wol. (1) [2]

8.19.4 Dat hy 'n grootprater is, maar dat hy niks doen nie. (1) [3]

8.20 Dit is iemand wat arrogant en ongeskik is. Hy dink baie van homself en is deel van die gewilde groep. (1) [2]

8.21 Ja, Ilse het glad nie die soen verwag nie.

Dit was net so onverwags soos 'n weerligstraal. 'n Mens skrik ook gewoonlik as die weerlig slaan en Ilse is geskok, dus is dit baie gepas. (3) [4]

8.22 Dagboekinskrywing

# Toneel 9:

## Onderwysersnota

### Pre-lees

Bespreek Juffrou Venter, Marioka San en Jun se karaktereienskappe (bl. 118–119 in die studiewerkgids).

**Godsdiens van Japan**

(Lees voor aan die klas.)

Japan se godsdiens bestaan hoofsaaklik uit Sjintoïsme en Boeddhisme. Minder as 1% van die land se inwoners is Christene.

Sjintoïsme is die inheemse geloof van Japan en was die staatsgodsdiens tot die Tweede Wêreldoorlog. Meer as een god word aanbid soos die songod, Boeddha, die natuurgode en die geeste van die voorvaders.

Boeddhisme is een van die wêreld se vernaamste godsdienste. Dit het 'n oorsprong in die Oosterse lande, maar het baie aanhangers wêreldwyd. Boeddhisme word uitgebeeld as 'n wegaanwyser en nie as 'n godheid nie. Daar is leerstellings, maar nie vasgestelde voorskrifte nie.

Die Boeddhis glo nie dat sonde 'n fout is nie, maar sien dit as onkunde. Elke persoon wat die leer aanhang, moet ontdek wat die waarheid is en is self verantwoordelik vir sy eie redding (selfverlossing).

9.1 Ná elfuur die aand (1) [1]

9.2 Hule het koppe gestamp oor die aanbieding van die advertensie, vir die Tshwane Metroraad, aangaande die naamsverandering van strate in Pretoria. (Verwys na toneel 6.) (1) [3]

9.3 Sy bedoel dat Ma te veel praat en die gesprek sou oorneem. (1) [3]

9.4 Ilse weet nie hoe om kos te maak nie, want Ma het haar nog nooit geleer hoe om dit te doen nie. Sy sê as sy wou kook, het sy "**huishoudkunde gevat**".

Dit is ironies dat Ma haar nog nooit geleer het hoe om kos te maak nie, maar sy verwag dat sy moet kosmaak. (2) [2]

9.5 Dit verwys na toneel 3. Ma het vir haar 'n toespraak geskryf, maar sy wou dit nie hê nie. (1) [3]

9.6 Die kimono plaas Ilse in die verbeeldingswêreld van Japan. Dit inspireer haar ook om die toespraak oor Japan te skryf. (1) [3]

9.7 Eie antwoord

Byvoorbeeld:
- Dit is onregverdig. Ilse doen niemand skade aan deur die kledingstuk te dra nie.
- Elke persoon het die reg om klere te dra waarvan hy/sy hou. (2) [4]

9.8 Leerderrespons

Elke leerder beantwoord die vraag op grond van sy/haar geloofsoortuiging en houding teenoor ander godsdienste.

'n Vergelyking word getref.

Aanhangers van sekere Afrika-gelowe (voorvaderlike aanbidding) kan aansluiting vind by Sjintoïsme. Aanhangers van Hindoeïsme kan met sekere dinge van Boeddhisme ooreenstem. Christene behoort nie by enige van die gelowe aansluiting te vind nie.

Dit is belangrik dat die leerder moet weet dat jy nie mag oordeel op grond van geloofsvoorkeur nie. (3) [5]

9.9 Ma sê dat Jaques (Ilse se pa) weer gaan pa word. Sy lewensmaat (houvrou) is swanger. (1) [1]

9.10 ***Ilse skud haar kop afgetrokke en skryf verder.*** (1) [3]

9.11 Die leser/toeskouer kan aflei dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen pa en dogter is. Ilse wonder of haar pa terugkom na Suid-Afrika. Haar ma vertel haar wat sy op Facebook gelees het. Dit is duidelik dat daar nie goeie kommunikasie tussen Ilse en haar pa is nie. (1) [3]

9.12

- Die idee is vir haar te pynlik en dit laat haar terugdink aan Danie se dood.
- Sy voel dalk dat haar eksman die baba as ’n plaasvervanger vir Danie sal sien indien dit ’n seun is. (1) [3]

9.13 Verwytend/vernederd/haatdraend
(Enige negatiewe gevoel wat beskrywend is van ’n vrou wat geskei is en hoor dat haar eksman se lewensmaat ’n baba gaan kry.) (1) [3]

9.14 Ma wil nie alleen wees nie, daarom plaas sy druk op Ilse om eerder verder te studeer en by haar te bly. (1) [3]

9.15 Lukas (toneel 8, spreekbeurt 376)
Engela sê ook in toneel 11, spreekbeurt 537): “**Jy’s al wat sy het**.” (1) [2]

9.16 Nee, die konflik word nie opgelos nie. Hulle praat nie verder oor die onderwerp nie en Ma gaan stort. (1) [3]

9.17 Toespraak

## Toneel 10:

### Onderwysersnota

**Pre-lees**

Bespreek die tsoenami (bl. 11) en Japannese manga (bl. 10) in afdeling A en progressie (bl. 88) in afdeling D in die studiewerkgids.

10.1 Hulle hang items soos klere en skoene aan die draad. Die items is soos maskers waaragter hulle skuil; sonder die klere (maskers) is hulle ontbloot en hulle eie identiteit word bekend. (2) [2]

10.2

10.2.1 Ilse hang haar <u>kimono</u> op die draad. Dit wys dat sy nie ’n <u>Japannees</u> is nie.

10.2.2 <u>Engela</u> hang haar skoene op. Dit wys op die Japannese se gewoonte om <u>verskillende skoene vir verskillende doeleindes aan te trek</u>.

10.2.3 Gerrit en Wim se identiese pakke simboliseer <u>dat hulle dieselfde is,</u> <u>albei is “jocks” en wil voortaan hulleself wees</u>.

10.2.4 Lukas is ’n <u>grapjas</u>, maar hy gee ook om vir ander en is verlief op <u>Ilse</u>.

10.2.5 Elzette dra graag swart, die uittrek van die swart klere simboliseer dat sy <u>wil verander en wil inpas</u>. (8) [2]

10.3 Eie antwoord
Byvoorbeeld:

Aangesien Japan ’n vooruitstrewende land is, wil beroepslui altyd beter presteer as ander. As hulle onsuksesvol is, kan dit lei tot depressie en selfmoord. (2) [4]

10.4 Die son speel ’n belangrike rol in die Japannese mitologie en geloof. Daar word vertel dat die keiser ’n direkte afstammeling van die songodin (Amaterasu) is. (1) [2]

10.5 Japannese Manga is strokiesprente met ’n oorsprong in Japan het, maar wat deesdae wêreldwyd beskikbaar is. (1) [2]

10.6 Lukas is ’n grapjas. Hy maak grappies om die spanning te verlig. (1) [3]

10.7 Sy kan dalk nog onder die invloed van medikasie wees. Dit wys ook dat haar wil gebreek is en dat sy nie meer rebelleer nie. (1) [3]

10.8 Lukas sê: “**Jy’t alleenreg op Japan!**”
Of:

Ilse sê: “**Niemand anders gaan dit as onderwerp kies nie.**” (1) [2]

10.9 Loslyfland (1) [3]

10.10 Metafoor (1) [2]

10.11 Linda: "**Oos Wes, Tuis Bes!**"
Betekenis: Die lekkerste plek op aarde is jou eie land. (2) [2]

10.12 In Japan het die ouers die reg om lewensmaats vir hulle kinders te kies. Die getroude paar bly gewoonlik by die man se ouers en die getroude vrou moet ophou werk.
In Suid-Afrika het elke persoon die reg om te trou met wie hy/sy wil. Die getroude paartjie kan bly waar hulle wil en die vrou mag aanhou werk. (4) [3]

10.13
- Daar is baie ou mense in die land. Die jong mense wil nie trou nie.
- Tokio se bevolkingsgroei in 2008 was gemiddeld 1,09 per gesin. Dit word toegeskryf aan die hoë lewenskoste, lang werksure en beperkte dagsorgsentrums vir kinders.
- Daar is baie mense wat in Japan woon en die bewoonbare oppervlak is beperk. Die bevolkingsdigtheid is hoog. (Die lewensverwagting vir Japannese is 86.) (1) [2]

10.14 'n Mens sou verwag dat 'n vooruitstrewende land, wat altyd beter wil wees en nuwer goedere vervaardig, nie tradisievas (outyds) sou wees nie, maar dat hulle moderne opvattings sou hê. (2) [3]

10.15
- Ma se woorde impliseer dat Ilse nie luister wanneer sy praat nie. Sy is ongehoorsaam en doen net wat sy wil (spreekbeurt 458).
- Ilse se spreekbeurt impliseer dat Ma ook net hoor wat sy wil. Ma luister nie na Ilse nie en gee haar nie kans om haar mening te lug nie (spreekbeurt 459). (4) [3]

10.16 Dit verwys na Danie se verdrinking. Die spookstorie wat Ilse wil skryf. Dit is die woorde waarmee spookstories begin. (2) [2]

10.17
- Die akteurs op die verhoog maak 'n suisende sisgeluid wat geleidelik harder word.
- Hulle stamp ook hulle voete op die verhoog.
- Dreuning van water (elektroniese klank). (3) [2]

10.18 Dit begin met 'n sisgeluid → harde dreuning van aardbewing → stilte voor die storm → dreuning van water → die water ontsien niemand nie → gille en snikke. 6) [3]

10.19 Ja, dit is 'n treffende vergelyking.
- Geboue soos wolkekrabbers het 'n vaste struktuur. Die pendulum van 'n klok is 'n item wat kan beweeg.
- Die vergelyking beklemtoon dat die wolkekrabber se vaste struktuur wankelrig is en kan beweeg as gevolg van die impak van die aardbewing/tsoenami. (3) [4]

10.20
- Jun en Marioka San is inwoners van Japan en het geliefdes wat in Fukusjima bly. Die ergste ontploffing was by die Fukusjima Dairichi Kernkragstasie dus is hulle angs geloofwaardig.
- Aangesien aardbewings gereeld in Japan voorkom, weet hulle wat die gevolge van 'n aardbewing of tsoenami kan wees.
- Hulle rolle as vertellers maak die belewing van die ramp meer geloofwaardig. (3) [5]

10.21
- Ma beskou Ilse as lui, ondankbaar en ongehoorsaam.
- 'n Morbiede tiener en 'n probleemdogter. (2) [3]

10.22 Hulle is geskok oor die inhoud van haar toespraak, maar gee tog erkenning daarvoor. (1) [3]

10.23 Ilse het haar so ingeleef in die toespraak dat dit vir haar voel sy is deel daarvan. Sy voel totaal gedreineer en uitgeput. Die ellipse toon aan dat sy moeg is. Die ellipse toon ook dat sy sukkel om te praat; sy is deurmekaar en sy voel sleg. (2) [3]

10.24 Antwoorde

| | |
|---|---|
| 10.24.1 | D |
| 10.24.2 | E |
| 10.24.3 | A |
| 10.24.4 | G |
| 10.24.5 | I |
| 10.24.6 | C |
| 10.24.7 | B |
| 10.24.8 | J |
| 10.24.9 | F |
| 10.24.10 | H |

(10) [2]

10.25 Formele onderhoud

## Toneel 11:

### Onderwysersnota

Bespreek die tema (bl. 89), bou van die drama (bl. 69), en simboliek (bl. 85).

Die leerders voltooi werkkaarte van die bou van die drama en simboliek.

Verryking: Lees die gedig "'n Tipe epistemologie van water" (Breyten Breytenbach) aan die klas voor.

Afloop

11.1 Ilse is 'n buitestander en Lukas is die enigste klasmaat wat haar verstaan en na haar uitreik. (1) [2]

11.2 Danie se verdrinking/die soektog van die tsoenami-oorlewendes. (1) [3]

11.3

- Ilse en Ma se lewe kan as 'n tsoenami gesien word. Danie se verdrinking en die egskeiding was traumaties en het tot die verwoesting van hulle lewe gelei.
- Nadat hulle berusting gevind het, kan hulle weer die stukkies van hulle lewe optel en aanmekaarlas om 'n nuwe lewe sonder skuldgevoelens en verbittering te begin. (2) [4]

11.4

11.4.1 Ma

11.4.2 Die ander leerders wat gegrief is deur die inhoud van toespraak oor die tsoenami. (2) [2]

11.5 Lukas is 'n rugbyspeler, daarom is die vergelyking wat hy gebruik, gepas. (1) [3]

11.6 Hy weet Ilse hou nie daarvan as hy byname gebruik nie. (1) [2]

11.7 Die konflik tussen haar en Ilse. Die druk wat sy op Ilse plaas. Die feit dat sy nie wil hê Ilse moet Japan toe gaan nie. Ma wil namens Ilse besluit wat sy met haar lewe moet doen. (Enige twee) (2) [3]

11.8 Ma verander van die ongenaakbare, selfsugtige vrou in iemand wat omgee en haar liefde vir haar dogter wys. Die konflik word opgehef as Ilse en Ma openlik met mekaar praat oor Danie se verdrinking. (2) [3]

11.9

- Ma kom tot die insig dat sy te lank vasgehou het aan haar eie hartseer oor Danie se dood.
- Sy besef dat sy 'n dogter het wat nog lewe en wat sy heeltyd afgeskeep het.
- Sy besef dit is beter om dit wat jy het, te koester, as om te treur oor dit wat jy verloor het. (2) [3]

11.10

- Ilse sê sy sal help met die hoender (spreekbeurt 518).
- Ilse het gesê as sy wou kook, sou sy huishoudkunde as vak geneem het.
- Sy help nooit met iets in die huis nie, maar nou is sy bereid om te help.
- Ma is bereid om soesji te eet (spreekbeurt 521).
- Ma hou nie van enigiets wat met Japan te doen het nie, maar sy is bereid om soesji te eet omdat Ilse daarvan hou. (4) [3]

11.11 Eie antwoord
Byvoorbeeld:
Ja, die Japannese het alles verloor, maar hulle het nie gaan lê nie. Hulle het mekaar gehelp en weer alles van nuuts af opgebou. Gesinne is uitgewis, maar Ma en Ilse het nog vir mekaar.
Die tsoenami visualiseer Ma en Ilse se hartseer en dra by tot die herstelproses in hulle eie lewe. (2) [4]

11.12 Leerderrespons (2) [5]

11.13 Ilse glo dat haar ma nie van plan sal verander nie.
Sy dink nie haar ma sal toestemming gee dat sy na Japan kan gaan nie. (1) [2]

11.14

- Ma besef dat sy nie in die pad kan staan van Ilse se droom nie.
- Sy besef as sy haar keer, gaan sy dalk nog meer rebels word en haar verwerp.
- Ma kom tot die insig dat Ilse se geluk belangriker is as haar eie vrees om alleen agter te bly. (2) [3]

11.15 Ja, sy sê Ilse moet die aansoekvorms bring sodat hulle dit kan invul. Sy het geld vir Ilse gespaar om haar droom te bewaarheid. (3) [3]

11.16 Ilse besef haar Japan is net 'n droom en die werklikheid is beter as fantasie. Sy weet dat 'n droom net 'n droom sal bly tot jy 'n plan maak om dit te bewaarheid. (1) [3]

11.17 Polisindeton (1) [2]

11.18 'n Penvriend is iemand met wie jy per brief korrespondeer. Die ironie wat hierin opgesluit is, is dat briefwisseling amper al uit die mode geraak en die moderne tegnologie oorgeneem het.
Die korrespondensie tussen Ilse en Lukas sal dus elektronies wees en nie per brief in pen/ink nie. (2) [3]

11.19 Die kimono verteenwoordig Japan en haar verbeeldingswêreld. Die uittrek van die kimono simboliseer dat die toneel in haar lewe afgesluit is en dat sy nou 'n nuwe fase in haar lewe betree. (2) [3]

11.20 Sy het vrede gemaak met haar ma; sy het geleer om die trauma van Danie se dood te verwerk en haar lewensdroom om die Japannese te gaan leer Engels praat, gaan waar word. (2) [3]

11.21 Navorsingstaak

## Toneel 12:

12.1

- Die vloedhekke is gesluit.
- Die water trek terug.
- Dis verby.
- Die nagreën het opgehou.
- Mense lag.
- Mense eet soesji en boerewors.
- Amaja, Marioka San en Jun bestaan nie.
- Sy is lief vir haar land en mense.
- Sy is lief vir haar ma.
- Sy gaan Japan toe. (10) [2]

12.2 Die beligting wat stadig uitdoof, dui aan dat dit die einde is van die drama. (1) [3]

12.3 Die kort sinne is doeltreffend, want dit beklemtoon sekere woorde of begrippe.
Dit is 'n samevatting van die drama, daarom is lang sinne nie nodig nie. (1) [4]

12.4 Daar word geïmpliseer dat Ilse dalk nie gaan terugkom na Suid-Afrika nie. Sy beplan dalk om permanent op reis te wees en oorsee te gaan werk. (1) [3]

12.5 Eie mening
Byvoorbeeld:
- 'n Mens moenie iemand oordeel op grond van sy voorkoms nie.
- Jy hoef nie in te pas by 'n groep nie en mag maar net jouself wees.
- Trauma veroorsaak dat jy ander maniere vind om te probeer vrede maak met jou situasie soos om 'n verbeeldingswêreld te skep.
- Die sentrale tema is dat jy op jou toekoms moet fokus en nie toelaat dat probleme jou onderkry nie.
- Jy moet jou eie identiteit vind. (1) [4]

12.6 Eie antwoord
Byvoorbeeld:
Die slottoneel is geslaag. Ilse is die hoofkarakter en daar word op haar gefokus. Die leser/toeskouer wil weet of Ilse gelukkig is en wat haar planne vir die toekoms is. Die toeskouer/leser kan sien dat Ilse gelukkig is.

12.7 Opstelvraag

# Afdeling C

1. Raamwerk – Mitologie

   Inleidingsparagraaf: Noem al drie mites en noem dat dit Ilse se lewe beïnvloed.

   Paragraaf 2: Akashita – vloede + tsoenami.
   Ilse probeer so Danie se dood verwerk. Teksverwysing om argument te staaf.

   Paragraaf 3: Futakuchi-onna – vrou met twee monde – Ilse sien vir Ma as monster.
   Gee rede en aanhaling uit die teks.

   Paragraaf 4: Okiku – diensmeisie – diefstal – borde – spook – verband met Danie se dood. Gebreekte borde – gebroke hart. Teksverwysing om argument te staaf.

   Skryf nou 'n slot as samevatting.

2. Raamwerk – Konflik

   Inleiding: Verduidelik wat innerlike en uiterlike konflik is.

   Paragraaf 1: **Innerlike konflik**: Oorsaak: Danie se dood en die egskeiding. Gevolge: Ilse se verbeeldingswêreld en Ma wat al haar aandag aan haar werk gee en vir Ilse afskeep. Haal voorbeeld aan.

   Paragraaf 2: Die innerlike konflik lei tot **uiterlike konflik**.
   Ma en Ilse se woordewisselings. Verwys na spesifieke gevalle met aanhalings uit die teks.

   Paragraaf 3: Gevolge – Ilse as buitestander. Ma en Ilse se vervreemding.
   Haal voorbeelde uit die teks aan.

   Slot: Hoe word dit opgelos – Ma en Ilse maak vrede en praat oor Danie se dood.
   Aanhaling, bv. "My ma werk op my senuwees, maar ek is lief vir haar."

3. Raamwerk – sosiomaatskaplike probleme

   Die probleme wat in die teks genoem word, is:
   - Boelies
   - Skoolgevegte
   - Selfsny
   - Loopbaankeuse
   - Druk om te presteer
   - Groepsdruk
   - Stereotipering
   - Om "anders" te wees as die normale, bv. goth.

   Inleiding: Sosiomaatskaplike probleme veroorsaak probleme by skoolkinders en dit kan verreikende gevolge inhou. Die algemene probleme sluit in boeliegedrag, druk om te presteer en om anders as die normale te wees. (Enige drie)

   Kies enige drie. Skryf 'n paragraaf oor elkeen. Noem die name van die karakters waarop dit van toepassing is. Bespreek die redes en gevolge wat dit vir die karakters mag inhou.

   Slot – samevatting en moontlike oplossings.

4. Gebruik inligting oor simboliek van afdeling D

   Die opstel te skryf.

5. Sien die bou van die drama in afdeling D.

   Verwerk tot 'n opstel van 350–400 woorde.

6. Bestudeer Ma en Ilse se karaktereienskappe in afdeling D.

   Hier volg 'n voorbeed van 'n moontlike antwoord.

**Voorbeeld:**

Ons leer Ma en Ilse ken as ongelukkige mense wat ’n skynlewe lei. Die dood van Danie het veroorsaak dat die gesin verbrokkel het.

Ilse is ’n **dromer**. Sy skep vir haar ’n fantasiewêreld waar sy veilig en gelukkig voel en van al haar probleme kan vergeet. Sy en haar ma baklei gedurig en dan verwys sy na haar ma as Futakuchi-onna,“die vrou met twee monde”. Sy is egter self **veglustig**, raak **beledigend** en maak sarkastiese opmerkings.

Ils se ma sê sy is **ondankbaar** omdat sy nie die toespraak wat haar ma geskryf het, wil hê nie. Sy is soos die meeste tieners **rebels en lui**. Sy maak nie die hoender gaar omdat sy nie wou nie, maar omdat sy nie weet hoe nie.

Ilse verander aan die einde en **vergewe haarself** vir Danie se dood. Sy sê vir Ma dat sy **sal help** kosmaak. Haar **verbeeldingswêreld vervaag** en sy besef dat die realiteit beter is as ’n droom. Sy erken dat sy en haar ma verskil, maar dat sy **lief is vir haar ma**, haar land en haar mense. Sy kry haar **eie identiteit** wanneer sy sê: “My naam is Ilse en ek gaan Japan toe.”

Ma skenk al haar aandag aan haar werk, maar skeep vir Ilse af. Sy is ’n **bakleierige** mens wat oor kleinighede stry. Sy **raas** met Ilse omdat sy nie in die huis wil help nie. Ma is **manipulerend** en plaas druk op Ilse om te presteer.

Sy is **veroordelend** en neem vir Ilse kwalik oor Danie se dood.

Mercia is **selfbejammerend** oor die feit dat sy ’n enkelouer is wanneer sy sê: “Dis nie maklik om ’n koppige, morbiede tiener alleen groot te maak nie.”

Aan die einde vra Ma vir Ilse om **verskoning** en sê vir Ilse: “Ons moet **ophou baklei**.” Sy sê vir haar dat sy vir haar **lief** is en dat sy **trots** is op haar. Ma erken dat Danie se verdrinking ’n ongeluk was. Ma besef dat sy baie het om voor **dankbaar** te wees en dat sy nog ’n dogter het. Ma gee toestemming dat Ilse Japan toe mag gaan en hulle maak **vrede**.

Ma en Ilse is albei ronde karakters omdat hulle verander, groei en ander insig verwerf. As hulle Danie se dood verwerk, kry hulle hulle eie identiteit en word dít wat hulle graag wil wees.

[390 woorde]

7. Gebruik die inligting oor die hulpmiddels in afdeling D van die studiewerkgids om jou opstel saam te stel.
8. Gebruik die inligting oor progressie in in afdeling D van die studiewerkgids om jou opstel saam te stel.
9. Lees weer toneel 7. Bestudeer al die verwysings in die drama na Ma en Ilse aangaande Danie se verdrinking en die invloed wat dit op hulle gehad het. Dui ook die parallel tussen Danie se verdrinking en Okiku; sowel as Ma en Tessan aan.
10. Bestudeer ruimte in die studiewerkgids en die betrokke karakters se eienskappe.

# Afdeling D

## Bou van die drama

1. Eksposisie. In die uiteensetting of eksposisie leer ons die karakters en hulle leefwêreld ken. Die toeskouer/leser word ingelig oor die tyd en ruimte. (2) [2]
2. Dit sit die handeling aan die gang. Dit verwys na Danie se verdrinking, wat die oorsaak was van die trauma in die gesin.

   Ma is behandel in 'n senukliniek. Sy is geskei van haar man. Ilse en Ma ervaar skuldgevoelens oor Danie se dood, en daar is konflik tussen Ma en dogter. (2) [3]
3. 
   - Ma raas met Ilse oor haar luiheid.
   - Ma verwyt Ilse omdat sy ondankbaar is.
   - Ilse wys die toespraak wat Ma vir haar geskryf het van die hand.
   - Konflik as gevolg van Ilse se kontak met Engela. (Enige twee) (2) [1]
4. Albei gedeeltes het te doen met 'n verhoogde spanningslyn wat opbou tot 'n klimaks. In Okiku se verhaal, is die aftel van die borde verantwoordelik vir die opbou van die spanning en in Ilse se geval, is dit die toenemende geweld en verwoesting van die tsoenami wat die klimaks teweegbring. (2) [3]
5. Die spanning neem af en vrede word bewerkstellig. (1) [1]

## Veelsydige ruimte

1. 



(3) [5]

2. Dit is nie 'n spesifieke ruimte nie, maar die verhoog stel verskillende ruimtes voor. Ma is agterlangs besig om wasgoed op te hang, met die wasgoeddraad as fokuspunt, terwyl Ilse op die voorgrond lê en slaap. Die suster en die matrone is aan die linkerkant van die verhoog in toneel 1. (In toneel 2 is Japan weer aan die linkerkant.) (3) [2]
3. 
   - Voordeel: Daar is min dekorverwisseling/kostedoeltreffend/tydbesparend.
   - Nadeel: Die toeskouer se aandag kan afgetrek word as die beligting nie goed is nie. Die toeskouer is dan nie gefokus op die akteurs nie. (2) [3]
4. Beligting is baie belangrik asook die dekor, insluitend die wasgoeddraad wat met katrolle kan beweeg om die illusie van die werklikheid te skep. Spesiale effekte soos die weerlig en musiek (Japannese musiek) skep atmosfeer. (2) [3]

5. Die dramaturg probeer orde bewerkstellig. Dit dra by tot die visualisering van die ruimte as 'n sekere plek in die binneruimte. Dit verpersoonlik die ruimte as deel van Ilse en Elzette se karakter. (2) [4]

# Simboliek

## Name/byname/titels

1. Amaja: Nagreën
2. Akashita: monster/onheil
3. Jun: gehoorsaam
4. Futakuchi-onna (2): vrou met twee mond en praat te veel en luister nie
5. Bedagsaam (2): kom niemand te na nie en tegemoetkomend
6. Hoogenboesem: goed bedeelde vrou
7. Mossiebrein/Blikkiesbrein: nie baie slim nie
8. Gotham City (2): Grootvlei Inrigting en plek van groot vlermuise en mal matrones
9. *The Grudge*: Japannese riller/spook
10. *Assasins Creed*: geweldadig (10)

# Afdeling E

(Sien erratum van vrae agterin – vraagnumering.)

## KONSEPVRAESTEL – Memorandum

1.

1.1 Albei is buitestanders/die ander skoolkinders hou nie van hulle nie/albei is vreemd/albei se ouers is geskei. ✓ (1) [3]

1.2 Sy het snyplekke gesien/tekens van selfsny/snywonde. ✓ (1) [1]

1.3 Sy het gesê dat die kat haar gekrap het. ✓ (1) [1]

1.4 Ilse het self probleme wat sy nie kan oplos nie ✓, maar nou wil sy vir Elzette help. ✓
(Albei vir 2 punte; ken 2 of 0 toe.) (2) [3]

1.5

1.5.1 Dit verwys na: Linda, Lucy en Lidia/die ligsinnige drie meisies by die skool/drie blonde meisies wat deel is van die gewilde groep op skool.✓ (1) [2]

1.5.2 Arrogante seuns/seuns wat baie van hulleself dink/deel van die gewilde groep seuns op skool. ✓ (1) [2]

1.6 Hy wil hê hulle moet ophou baklei/hy is bang hulle kom in die moeilikheid/wil hulle waarsku. ✓ (1) [2]

1.7

1.7.1 Bedagsaam ✓ (1) [2]

1.7.2 Ja, die juffrou is gewild en wil niemand te na kom nie/sy verkla nie die kinders ná die bakleiery nie. (2 of 0; motivering verdien punt.)✓✓ (2) [4]

1.7.3 Leerderrespons ✓ (1) [5]

1.7.4 Sy spreek hulle aan as "buitestanders". ✓ (1) [3]

1.8 Ilse wil op so 'n wyse ontvlug van die werklikheid./Sy kan nie Danie se dood verwerk nie./Dit laat haar vergeet van die hede./Ilse hou van fantasie en die bonatuurlike.
(Enige aanvaarbare antwoord) ✓ (1) [4]

1.9 Satanisme ✓ (1) [2]

1.10 Stormagtige verhouding van **konflik** ✓ en **verwyte**✓ (Enige aanvaarbare antwoord waarin vetgedrukte betekenis voorkom.) (2) [3]

1.11 Die ma is nie in voeling met haar kind se lewe nie./Ma behandel vir Ilse soos 'n klein kindjie./Ma weet nie wat in Ilse se lewe aangaan nie. ✓
Daar is 'n gebrek aan kommunikasie. ✓ (2) [3]

1.12 Kopieskrywer/sy werk vir 'n reklamemaatskappy. ✓ (1) [2]

1.13 Sy wil in Japan vir die Japannese gaan Engels leer. ✓ (1) [2]

1.14

1.14.1 Nee, sy is sarkasties, want sy weet haar ma wil nie hê sy moet Japan toe gaan nie. ✓✓ (1) [3]

1.14.2 Emosionele (geestelike/sielkundige) afpersing/selfbejammering (1) [2]

1.14.3 Sy wil hê sy moet akademies presteer/sy wil hê dat Ilse ook 'n kopieskrywer moet word/verder gaan studeer in reklamewese. (1) [2]

1.14.4 Leerderrespons ✓ (1) [4]

**[25]**

2.

'n Buitestander is iemand wat nie deur ander as deel van 'n groep aanvaar word nie. Elzette en Ilse is anders as die res van die skoolkinders en word verstoot as gevolg van hulle andersheid.

Tydens die skoolgeveg tussen Lukas en Gerrit vra Juffrou Venter vir Elzette en Ilse: "**… wat sê die buitestanders?**" wat bewys dat hulle nie deel is van die groep nie. Elzette en Ilse is meer volwasse en sien die bakleiers as "kleuters". Hulle vind aanklank by mekaar as gevolg van hulle andersheid en omdat albei se ouers geskei is.

Elzette is 'n goth, iemand wat nie inpas by die normale samelewing nie. Sy trek swart aan en hou haar eenkant. Lidia se ma "is oortuig sy's 'n satanis". Sy sny haarself met 'n lemmetjie en grimeer met haar eie bloed. Die kinders noem haar 'n zombie en Lukas sê sy drink bloed. Tydens die oefening van Juffrou Venter dans sy 'n frenetiese, individuele dans. As gevolg van haar afwyking beland sy later in die Grootvlei Inrigting. Sy wil graag anders wees en trek aan die einde haar swart uitrusting uit om te wys sy wil deel wees van die groep.

Ilse is 'n ongelukkige, morbiede tiener. Ná die dood van Danie en haar ma se opname in die inrigting het Ilse skuldgevoelens oor Danie se dood. Sy skep 'n verbeeldingswêreld om van die werklikheid te ontsnap. Haar toespraak oor die tsoenami in Japan skok die leerders en hulle gee slegs 'n "beleefde" handeklap, hoewel sy baie goeie punte daarvoor kry.

Die gevolge van die verwerping is dat Ilse en Elzette vriende raak. As Elzette haarself sny en in die kliniek beland, is dit Ilse wat vir haar opkom teen die L-bende. Ilse se onttrekking in haar fantasiewêreld veroorsaak aanhoudende konflik tussen haar en haar ma. Sy sien haar ma as die monster, Futakuchi-onna. Hoewel Ma dit nie verdien nie, maak Ilse haar ma met woorde seer.

Elzette en Ilse is uniek en anders as die normale. Die tema van die drama is juis dat elkeen anders mag wees, maar ons moet leer om mekaar te respekteer.

[351 woorde]

**[25]**

# Afdeling E: Konsepvraestel

**Vraag 1: Kontekstuele vrae**

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

**Uittreksel 1**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | **ILSE** | : | Elzette, jy weet jy kan met my praat … oor enigiets. As iets pla … |
| 2 | **ELZETTE** | : | Hoekom sou iets my pla? |
| 3 | **ILSE** | : | Die L-bende. Of daai simpel jocks wat jou Zombie-girl noem. |
| 4 | **ELZETTE** | : | Gee my nie slapelose nagte nie. Anyway, zombies dwaal snags. |
| 5 | | : | Dan's ek in my element en ek kan gaan net waar ek wil, deur |
| 6 | | : | mure en heinings. Hahaha! |
| 7 | **ILSE** | : | Cool. Maar soms help dit om te deel, jy weet. |
| 8 | **ELZETTE** | : | Dankie. Maar ek het rêrig niemand se simpatie nodig nie. |
| *Wim sien Juffrou Venter, 'n onderwyseres, aankom. Hy spring vorentoe, maak die seuns uitmekaar.* | | | |
| 9 | **WIM** | : | Tjiips, tjjips. Hier kom ou Hoogenboesem! |
| *Juffrou Venter kom doelgerig op. Sy is 'n gewilde onnie. Die aksie versteen en die gesprek hervat tussen Ilse en Elzette.* | | | |
| 10 | **ILSE** | : | Ek wou jou nog vra oor spookstories. |
| 11 | **ELZETTE** | : | Wat daarvan? |
| 12 | **ILSE** | : | Ek skryf een, en het gewonder of jy dit sal lees en sê wat jy dink. |
| 13 | **ELZETTE** | : | Omdat ek hou van Goth-musiek en swart klere. Nee dankie. |

[Uittreksel uit *Op die planke – My Japan* (2015). Met vergunning gebruik van Vivlia Publishers.]

1.1 Watter ooreenkoms is daar tussen Ilse en Elzette?

(1) [3]

1.2 Wat het Ilse opgemerk aan Elzette se arm?

(1) [1]

1.3 Wat was Elzette se verskoning?

(1) [1]

1.4 Verduidelik die ironie in Ilse se woorde in reël 1.

(2) [3]

1.5 Verklaar waarop die volgende in reël 3 dui:

1.5.1 **L-bende** (1) [2]

1.5.2 ***jocks***

(2) [2]

1.6 Waarom waarsku Wim die ander leerders dat Juffrou Venter op pad is?

(1) [2]

1.7 *Juffrou Venter kom doelgerig op. Sy is 'n gewilde onnie.*

1.7.1 Noem nog 'n bynaam wat die leerders vir Juffrou Venter het.

(1) [2]

1.7.2 Dink jy hierdie bynaam is gepas? Verduidelik.

(2) [4]

1.7.3 Hoe voel jy oor die gebruik van byname in skole?

(1) [5]

1.7.4 Op watter wyse stereotipeer Juffrou Venter vir Elzette en Ilse?

(1) [3]

1.8 Wat dink jy is die rede waarom Ilse wil spookstories skryf?

(1) [4]

1.9 Waarvan word Elzette deur die ander leerders verdink omdat sy hou van goth-musiek en swart klere aantrek?

(1) [2]

EN

**Uittreksel 2**

*Die ma klop aan die deur.*

| | | |
|---|---|---|
| **MA** | : | Huiswerk of Sims jy? |
| **ILSE** | : | Ek speel lankal nie meer Sims nie, Ma. Kom tog in. |
| **MA** | : | Ons het toe Tshwane se rekening gekry. Groot geld. |
| **ILSE** | : | Waaroor nou weer? |
| **MA** | : | Om Pretorianers te paai oor die straatname wat verander. |
| **ILSE** | : | Ek gee nie om of dit Tshwane of Pretoria is nie. T laat my dink aan … Tokio. |
| **MA** | : | Dan het jy seker weer met Engela geskype. |

**ILSE** : (*botter smelt nie*) Hoe't Ma geweet?

**MA** : My liewe broerskind smokkel met jou kop. Moenie jou drome uitverkoop nie.

**ILSE** : (*liefies*) Ag dankie, Moeksie. Sulke goeie raad. Verstaan ek reg? Ek mag maar my eie drome droom en niemand toelaat om in my pad te staan nie?

**MA** : (*moeg, weet wat kom*) Ja, ja. Jy maak wat jy wil, al sê ek wat. Al vra ek mooi, al smeek ek.

[Uittreksel uit *Op die planke – My Japan*. Met vergunning gebruik van Vivlia Publishers.]

1.10 Beskryf kortliks die verhouding tussen Ilse en Ma.

(2) [3]

1.11 Wat kan jy aflei uit reël 14–15? Noem twee dinge.

(2) [3]

1.12 Watter tipe werk doen Ma?

(1) [2]

1.13 Wat is Ilse se lewensdroom?

(1) [2]

1.14 Bestudeer reël 25–29.

1.14.1 Is Ilse se woorde in reël 25 opreg bedoel? Verduidelik.

(1) [3]

1.14.2 Waaraan maak Ma haar skuldig in reël 28–29?

(1) [2]

1.14.3 Watter droom koester Ma vir Ilse?

(1) [3]

1.14.4 Dink jy dit is regverdig dat ouers besluite neem oor hulle kinders se loopbaankeuses?

(1) [4]

**[25]**

**OF**